

ELEANOR BAKER

Saamgestel deur
GRIZÉLL AZAR-LUXTON

Liefdevol, talentvol, stylvol... is uitgewer en boekjoernalis, Hettie Scholz, se opsomming van Eleanor Baker, diplomaatsvrou wat meer as 20 boeke in drie dekades publiseer het.

Op die vroeë ouderdom van 57 is die bekende skrywer, Eleanor Baker middel verlede jaar oorlede.

Koerantopskrifte het gewissel van 'Baker was ons cantadora' tot 'Skrywer se dood laat leemte in letterkunde'.

Dit was Andre P Brink wat al in die jare tagtig gesê het Eleanor Baker is een van Afrikaans se beste skrywers en dat dit jammer is dat baie Suid-Afrikaners dit dalk nooit nie, of te laat, gaan agterkom. Dié gevoel word gedeel deur professor Elize Botha, wat meen Baker se unieke manier van omgaan met die liefdesverhouding laat 'n leemte. 'Sy was buite die raamwerk van erkenning en die groot pryse, omdat haar fyn sin en aanvoeling vir mense se romantiese gevoel by mekaar waarskynlik baie van haar ernstige lesers verbygegaan het. Haar herkenning en kennis van dié integrale deel van die menslike weefwerk is dalk misverstaan.'

Baker het sterk gevoel oor letterkunde wat té eksklusief is. 'Die Sestigters het die Afrikaanse letterkunde elitisties gemaak.' Sy het die koms van die hygroman gesien as iets wat Afrikaanse leesstof kon bevry en toegankliker maak.

Scholtz sê: 'Eleanor Baker was ons eie cantadora - geliefde storieverteller - wat oënskynlik met die grootste gemak onder skuilname tussen genres beweeg het.

Sy het oor al die eienskappe van die ander bekende storieverteller, Clarissa Pinkola Estes, se *wild woman* beskik - haar kapasiteit vir liefde en toewyding, haar sterk intuïsie en dapperheid.'

Baker het min navorsing vir haar boeke gedoen en onwrikbaar in haar karakters



geglo met wie sy deurgaans beheersd omgegaan het. Haar raak beskrywing van die mens se weerloosheid en kwesbaarheid bly lesers by.

Sy het van haar vroegste werk nooit gekroom om sensitiewe onderwerpe of taboes soos masturbasie, buitewegtelike verhoudings, depressie en verkragting te belig nie.

Volgens skrywer Jeanette Ferreira het Baker met **Morketiden** (1975) die donker tyd van die menslike gees deurreis. 'In die laaste maande het ek besef hoe deurleef haar kennis van die donker te is; haar sterk gees en haar helder denke het bly spreek, haar humorsin was onoorwinlik en haar erns was opreg.'

Ferreira sê Baker was 'n elegante vrou, maar 'n warm mens wat eerlikheid en weerloosheid met dieselfde ontsag bejeën het. Haar prosa was 'n sonderlinge kombinasie van skeppingskrag en lewenswerklikheid, omdat sy werklik aan die lewe gewerk het.

Voor haar dood het Elna Gous, streekbibliotekaris van Mosselbaaistreek namens **KB** aan haar 'n paar vrae gestuur wat sy goedgunstiglik beantwoord en teruggestuur het. Ons publiseer graag hierdie 'onderhoud'.

Wat het jou geïnspireer om die eerste keer 'n boek/roman aan te pak?

Ek het altyd geweet ek gaan eendag skryf. Weet nie hoekom nie, ek het dit eenvoudig geweet. Nooit stories of iets anders geskryf nie, bloot op 'n dag 'n roman geskryf. Eerste twee is verwerp, derde een is aanvaar. Dit was **Wêreld sonder einde**.

Hoe lank neem dit om 'n boek te skryf - vloei dit sommer maklik of gaan daar baie navorsing in?

Dit wissel baie. Somtyds skryf ek die hele storie in my kop klaar, oor en oor tot by die laaste punt en komma. Om dit dan

CONTENTS / INHOUD

Eleanor Baker

Meer oor hierdie bekende storieverteller deur Grizéll Azar-Luxton 14

'n Ou begin

'n Bespreking deur Ronél McKnight 16

The wonderful world of comics - an introduction

An insightful introduction to this genre by Rudi Wicomb 18

Booklist- Recommended comic trade paperbacks

Rudi Wicomb shares his extensive knowledge of comics in this comprehensive list of authors, artists and titles 23

uiteindelik neer te skryf duur net omtrent ses weke. Normaalweg duur dit egter ses na nege maande. Vir **Groot duiwels dood** waar ek geweldig baie moes lees en navorsing doen, is dit weer anders. Die boek het omtrent twee jaar gevat om te skryf. **Groot duiwels dood** en **Dossier van 'n gyseling** is die enigste boeke waarvoor ek navorsing gedoen het, die res kom uit my kop uit. Op 'n manier 'word' ek die hoofkarakter in die meeste van my boeke, of ten minste die kanaal waardeur die hoofkarakter sy/haar storie vertel en wanneer dit eers gebeur het, weet ek eenvoudig hoe hulle sal optree, dis nie nodig om na te vors nie.

Watter skrywer/s het jou werk beïnvloed?

Geen skrywer het my beïnvloed nie tensy dit negatief is, in die sin dat ek iets gelees het wat my so irriteer het dat ek probeer het om dit anders of beter te doen. Ek lees geweldig baie en doen dit al van ek ses jaar oud is - dit is dus moontlik dat mens onbewus deur honderde skrywers en boeke beïnvloed word sonder dat jy daarvan bewus is.

As jy kon kies, wie (skrywer) sou jy die graagste wou wees?

Ek wil niemand anders wees nie, dis swaar genoeg om myself te wees.

Lees jou man en kinders jou boeke?

My man is die enigste een wat my manuskripte lees as dit klaar is. Hy is terselfder tyd 'n baie streng kritikus en baie ondersteunend. As hy 'n voorstel maak, luister ek gewoonlik. Die kinders ('n seun en 'n dogter) het al van my boeke gelees, maar doen dit nie in die reël nie. Hulle smaak in literatuur is anders.

Wat is jou geliefkoosde genre om oor te skryf?

Ek het nie 'n geliefkoosde genre nie. Ek skryf oor mense eerder as oor gebeure maar elke boek van my is anders. Om

dieselfde soort boek oor en oor te skryf, sou my tot trane toe verveel.

Wat lees jy self graag?

Ek lees alles mits (en dit is 'n groot mits) dit goed geskryf is. As ek 'n boek begin, al is dit met hoeveel entoesiasme, en die karakters tree skielik ongemotiveerd op of die skrywer laat my as leser op een of ander manier in die steek, los ek die boek. Ek lees ook nie vervelige boeke nie. Vir my is lees ontspanning, dit moet aan die einde van die dag my kop skoonspoel van my eie skryfwerk, idees, kwellinge. Verkieklik lees ek speurverhale of spanningsverhale, weereens mits dit goed geskryf is. Ek hou van humor. Vind humor trouens noodsaaklik in enige boek.

Het jy 'n private versameling en indien enige, waarom handel dit?

Ja, ons het 'n enorme biblioteek omdat ons as gesin kompulsiewe boekkopers is. As ek 'n boek regtig baie geniet het, moet ek dit besit sodat ek dit oor en oor kan lees. Ek het stalle boeke (soos Jane Duncan se 18) wat ek letterlik elke tweede jaar weer van voor tot agter deurlees. Maar ons versameling is eklekties en dek alles in Engels, Afrikaans en Nederlands.

Skryf jy in die nag of die dag?

Ek skryf net bedags en hoogs gedissiplineerd van ongeveer agtuur in die oggend tot etenstyd, rus dan en sal weer tussen vieruur en sewe-uur skryf. Skryf is egter nou seisoengebonde vandat ons by die see bly. Nou skryf ek van die einde van die somer tot volgende somer want in die swemseisoen swem ek drie keer per dag en is skryftyd vanselfsprekend min. Winter is skryftyd.

Wanneer jy skryf, het jy inspirasie nodig of kom dit sommer vanself?

Nee, ek het nie inspirasie nodig nie, die stories stroom nimmereindigend deur my kop. Ek wens soms dit wil ophou dat ek rus vir my siel kan kry, maar dit het nog nie gebeur nie. Teen die tyd dat een boek so driekwart klaar is, raas die volgende storie klaar so hard dat ek ongeduldig word om daarmee te begin. Die beste tyd vir stories uitdink, is voor ek aan die slaap raak of wanneer ek in 'n motor ry. Tydens 'n regtige lang reis soos, byvoorbeeld, tussen Pretoria en Kaapstad kan ek ten minste drie nuwe stories in totaal uitgedink het. Dit werk goed in 'n motor omdat alle buite-eise dan weg is. Niks anders vereis my aandag nie, ek kan net sit en uitkyk deur die ruit en wanneer die regte musiek boonop speel, is

ek verlore. Indien enige, is musiek my inspirasie en dit wissel geweldig, dit kan 'n besondere Bach Cantata wees of 'n bekende rockgroep se nuutste lied. Ek hou van alle musiek behalwe jazz. Dit bedruk my verskriklik.

Is skryf vir jou soos 'n werk - verg dit dissipline?

Ja, skryf is dissipline. Jy kan dit nie lukraak doen nie. Boeke word nie geskryf as jy net daarvoor dink en tob nie, dis sit en konsentreer en hard, baie hard werk. Oorskryf is nog harder werk. Ek word baie kwaad as mense my by sosiale geleenthede of tydens leeskringpraatjies nader en vertel dat hulle 'nog altyd wou skryf, maar hulle het net nie die tyd nie'. Daarmee impliseer hulle dat skrywers niks doen en hope tyd tot hulle beskikking het, eintlik niks anders het om te doen as skryf nie. Dis ons in 'n belediging. Ons het huise en kinders en tuine en diere. Daar is naaldwerk en tuinwerk en huiswerk en wasgoed en honderde ander goed, maar ons skryf omdat dit is wat ons wil doen en omdat ons ons ander take so skik en onself so dissiplineer dat skryftyd bestaan.

Het jy enige stokperdjies en voorliefdes?

Ek sou nie my ander aktiwiteite stokperdjies noem nie, maar ja, ek het wel ander belangstellings. Tuinmaak is die belangrikste en gekoppel aan my skryf. As ek vashaak, woel en skrop en snoei en plant ek en vinnig raak die knoop in die storie uitsorteer. Dieselfde met wanneer ek klaar is met die dag se skryf. Terwyl ek dan, byvoorbeeld, konfyt kook of in die tuin werk, speel ek in my kop die band terug van die dag se skryf, besef wat sleg is en wat behou kan word, wat volgende moet gebeur. Ek is ook baie lief vir koskook. As gevolg van die ongeveer twee dekades wat ons in die buiteland gebly het en ander kossoorte leer ken het, is ons smaak anders en ek is altyd reg om 'n nuwe resep te probeer. Ek kan egter glad nie bak nie, miskien omdat ek geen liefde het vir enige gebak nie. Ek verkies ten alle tye disse waarin vars groente 'n rol speel. Is so halfpad 'n vegetariër, want ek hou nie eintlik te veel van rooivleis nie.

Is jou eie lewensverhaal ook soos een van jou storieboeke?

Nee. Ek skryf fiksie, nie my eie lewe nie, hoewel 'n mens se eie opinies of gevoelens oor sekere sake tog vanselfsprekend in jou skryfwerk deurkom.

Wat is jou resep vir 'n suksesvolle, gelukkige verhouding?

Wees realities. Vergeet van die maan-

skyn en rose, dit eindig in die skeihof. 'n Verhouding bestaan uit twee mense met elk hulle eie bagasie. Jy moet begrip daarvoor hê, geen eise stel nie, mekaar ondersteun en onderskraag, totale aanvaarding hê, nie griewe opbou nie, mekaar ruimte gun sodat elkeen sy of haar eie ding kan doen en ultiem. 'n Sin vir humor is amper die belangrikste. As twee mense kan lag oor die rotse in hulle pad is die stryd gewonne.

Wat beskou jy as 'n romantiese aand, vakansie of naweek?

'n Romantiese aand of naweek hang af van die twee mense. Vir my persoonlik sal dit wees by die see, sonder ander mense, alleen saam. Nooit uitgaan nie. Restourante is irriterend, die kerslig en lekker kos is veel beter by die huis. 'n Lekker naweek weg van die huis is goed, mits dit stil is en sonder aktiwiteite of ander mense. Om in die aand uit te gaan, beskou ek as die ergste straf wat daar is. Dit bedruk my die hele dag en maak dat ek nie kan skryf nie.

Boeke in Biblioteekdiens voorraad

Die ander Marta

As 'n pou kon vlieg

Daar is spore op die maan

DF Malherbe: mens en meester

Dossier van 'n gyseling

'n Geslote boek

Groot duiwels dood

In die middel van die Karoo

Die kwart-voor-sewe-lelie

Monica

Morketiden

Die Nels van Groenewoud

Die nes

'n Ou begin

Reflections: a love story

Splinterspel

Verbeelde werklikheid

Weerkaatsings: 'n sprokie

Wêreld sonder einde.